



Jan van Zyl van Kroon Vee met sy 2 seuns Jan (Jnr) en Gideon regs

TOP VEEBOERE KRY VERDIENDE ERKENNING

Hennie Snyman, Johan Greyling en Hendrik van Pletzen

Reproduksiedoeltreffendheid (oor die algemeen gemeet aan speenpersentasie) speel 'n belangrike rol in die beoordeling van die Nasionale Bees- en Skaapboer van die Jaar. Betrokkenheid by die georganiseerde landbou, bemaking, hulpbron- en reproduksiebestuur, teeldeelwitte en finansiële bestuur, is ook in ag geneem. Die doel van die aksie is om erkenning aan Suid-Afrika se voortreflikste veeboere te gee – met inagneming van die volhoubare benutting van hulle natuurlike hulpbronne.

Beesboer finaliste

Die beesboer finaliste beskik oor besondere uiteenlopende boerderyvertakkinge, wat strek van 'n droë ekstensiewe boerderygebied tot die inskakeling van die veefaktor by tradisionele akkerbou gebiede ten einde die volle produksiepotensiaal daarvan op 'n volhoubare manier te benut. Die besondere passie vir hulle diere en goeie mense verhoudings wat tussen familie en werkers bestaan, het opgeval.

Kroon Vee

Mnre. Jan van Zyl en sy seuns Gideon en Jan (Jnr.) het 'n uitgebreide beesboerdery in die Vryburg en Olifantshoek omgewing. Hulle lê veral klem daarop dat hulle nie eintlik beesboere is nie maar eerder as goeie grasboere beskou moet word. Die besondere goeie toestand waarin die weiveld verkeer getuig van die erns wat hulle, nie net met hulle vee maak nie, maar kan met reg as bewaringsboere beskou word. Hulle uitgangspunt is juis om die veld in goeie toestand te hou sodat elke druppel water indring en niks na die buurman sal afloop nie. Die Van Zyls se slagspreuk is: Die veeboer se voetspore bly die belangrikste kunsmis vir weiveld – wys net dat hulle ten alle koste omsien na hulle weiplante as die belangrikste kort- en langtermyn voerbron vir die diere. Die enkele Swarthaakbosse wat nog op hulle plase voorkom word voortdurend chemiese beheer sodat die ekosisteem in balans bly en volhoubare diereproduksie verseker word.

Die beweidingstelsel wat gevolg word sluit kort wei en lang rusperiodes in. Die kamp groottes is gemiddeld 75 ha, terwyl ongeveer 6-8 kampe aan 'n veetrop (teelbul met sy koeie) toegeken word wat in rotasie beweide word. Een van die kampe binne so 'n groep/stelsel ontvang al om die beurt 'n volle groeiseisoensrus. Die onttrekking van diere vanuit hierdie vollegroeiseisoensruskamp geskied aan die begin van die reënval seisoen en word eers weer beweide 2-3 weke na die eerste reën van die nuwe seisoen. Hierdeur word verseker dat die groeikragtigheid van die weiplante so hoog moontlik gehou word. Hulle mikpunt is om uiteindelik al om die beurt 'n derde van die weiveld binne so 'n groep/stelsel vir 'n vollegroeiseisoen van beweiding te onttrek. Die weiveld word deurlopend ge-evalueer ten einde die veld se toestand te bepaal sodat aanpassings vir weidingkapasiteit gemaak kan word – hierdeur word verseker dat die veld nie onder- of oorbeweide word nie.

Die besproeiingsvertakking is primêr om kos te voorsien vir afronding van diere (stoet en uitskot) en sekondêr om as voerbank op te bou vir droogtes. Die aangeplante weidings word onder twee spilpunte verbou wat ook afgewissel word met mielie verbouing wat as kuilvoer aangewend word. Die aangeplante weidings bestaan uit 'n gras/klawer mengsel, asook hawer waarop die koeie kalf en na ongeveer 'n maand na die weiveld oorskuif. Hulle grootste beperking is vlak bewerkbare grond, terwyl water gelukkig baie volop en vlak is vanweë die dolomitiese gange wat die gebied kenmerk. Grondverskuiwings word toegepas om die vlak grond aan te vul en sodoende die produksiepotensiaal onder besproeiing te verhoog. Behoeftes bepaling, koste vergelykings en begrotings word kwartaalliks gedoen om maksimum winsgewendheid en doeltreffendheid van die besproeiing te bewerkstellig.

Die mangaan inhoud van grond op die Buckshee plaas is abnormaal hoog wat aanleiding gee tot yster tekorte en pasgebore kalwers vreet gevolglik grond met groot verliese te gevolg. Alle kalwers moet binne 12 uur na geboorte 'n yster inspuiting ontvang om grondvreet te verhoed. Die probleem vereis 'n drastiese aanpassing in die bestuurstelsel en alle koeie moet na aan die huis

kalf. Hierdie negatiewe aspek is positief aangepak en akkurate rekordhouding van elke dier moontlik gemaak met vier kalfseisoene per jaar. Op die verskillende gronde boer hulle met stoet en kommersiële Brahmane, Afrikaners, Simbras en Afrisim. Eienskappe soos temperament, vrugbaarheid, melkproduksie, bespieroing en beter skedes is by die Brahmane drasties verbeter. Die interkalfperiode is aansienlik korter as die rasgemiddeld en 'n speenpersentasie van 93 is die afgelope produksiejaar aangeteken. Koeigewigte het gemiddeld van 540 na 480 kg afgeneem.

Die beoordelaars van die Nasionale Bees- en Skaapboer van die Jaar is professore Johan Greyling en Hennie Snyman van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se departement Vee-, Wild- en Weidingkunde en mnr. Hendrik van Pletzen van Voermol. Voermol is die hoofborg en koördineerder van die kompetisie. Ander borge en medewerkers sluit in Agri SA, BKB, Eerste Nasionale Bank, Landbouweekblad, die Nasionale Wolkwekersvereniging van SA (NWKV), die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), die Transvaalse Landbou-Unie SA (TLU SA), die UV en die Veegesondheid- en Produksiegroep van die SA Veterinêre Vereniging.



V.l.n.r: KROON VEE - Gideon en Rodien van Zyl, Jan en Irma van Zyl, Jan van Zyl (Jnr)



